# Die waagstuk van Afrikaans[1]

*HERMANN GILIOMEE*•

> Die hele verlede leef in ons: om onsself te ken—en selfs om intelligent nederig te wees—moet ons al die gestaltes ken wat in ons aanwesig is. ***-N.P. van Wyk Louw***[2]

## Inleiding

N.P van Wyk Louw, die grootste essayis in Afrikaans, het die terme oop gesprek, lojale verset, liberale nasionalisme en voortbestaan in geregtigheid as sleutelfrases in die Afrikaanse politieke woorderskat gevestig. Minder bekend is sy siening dat die onstaan van Afrikaners as volk en die vestiging van Afrikaans as publieke taal `n waagstuk was. `n Verskeidenheid van skrywers het al Louw se tema van voortbestaan in geregtigheid en sy 'medepligtigheid' aan apartheid ontleed.[3] Hierdie bydrae wil probeer om deur die lens van `n historikus die opstel 'Die Ewige Trek' van nader te bekyk. Louw het dié geskryf vir die Voortrekker Eeufeesuitgawe van *Die Brandwag*, wat in Oktober 1938 verskyn het.[4] Daar is

---

1. Hierdie is `n verkorte weergawe van die N.P. van Wyk Louw-gedenklesing wat die skrywer op 25 September 2001 aan die RAU in Johannesburg gelewer het. Hy bedank Piet Conradie en Albert Grundlingh vir insiggewende kommentaar.

• Hermann Giliomee was eers lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en daarna (1983 tot 1998) professor van Politieke Studies aan die Universiteit van Kaapstad. Hy is tans buitengewone professor van Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en skryf voltyds. Hy is mede-redakteur van *The Shaping of South African Society. 1652-1840* en mede-skrywer van *Afrikaner political thought, 1780-1850: documents and analyses.*

2. N.P. VAN WYK LOUW, "Die Versamelde Verse van Jan Celliers", *Standpunte* 1 (3), 1946, p.34.

3. Vir `n onlangse bydrae sien M. SANDERS, " 'Problems of Europe': N.P. van Wyk Louw, the Intellectual and Apartheid" in *Journal of Southern African Studes,* 25 (2), 1999.

4. Dit is herpubliseer in *Lojale verset*, (Nasionale Pers, Kaapstad, 1939) en *Versamelde prosa,* Vol. 1, (Tafelberg, Kaapstad, 1986), pp.94-102.

*Historia* 46(2), November 2001, pp. 477-502.

heelwat raakpunte met sy hoorspel *Die Dieper Reg*, wat terselfdertyd geskryf is, en die drama *Die Pluimsaad waai ver* (1966), maar `n afsonderlike opstel is nodig om daarop in te gaan.[5]

Louw se benadering dat die geskiedenis groot keuses behels, is van belang vir historici en geskiedenisonderwysers wat die aandag wil trek van `n nuwe geslag wat in die era van post-apartheid en globalisering groot word. Een van die grondslae van twintigste eeuse geskiedskrywing is die Von Ranke-siening dat dit `n verslag moet wees van hoe dinge eintlik gebeur het. Die probleem is dat dit by studente en skoliere dikwels die indruk laat onstaan dat geskiedenis iets is wat afgelope, afgesluit en versteen is.

In `n onlangse werk toon Niall Ferguson, een van leidende jonger Britse historici, aan dat die opwinding in geskiedenis teruggebring word wanneer die uitgangspunt is: Hoe het dit eintlik gekom dat sekere dinge eintlik *nie* gebeur nie? Ferguson argumenteer dat die geskiedenis as vak sal baat by die ontwikkeling van alternatiewe en 'counterfactuals'. Sy versameling stel vrae soos: Wat as die Amerikaners nie onafhanklik van Brittanje geword het nie? Wat as Brittanje nie aan die Eerste Wêreldoorlog deelgeneem het nie? Wat as Hitler Brittanje ingeneem en Stalin verslaan het? Die benadering steun op die siening van Thomas Carlyle, wat opgemerk het:

> Acted history…is an ever-living, ever-working Chos of Being. Wherin shape after shape bodies itself from innumerable elements…And this Chaos is what the historian will depict and actually gauge.[6]

Omdat Van Wyk Louw hierdie element van chaos in die geskiedenis gesnap het, is sy opstel 'Die Ewige Trek' vir historici van soveel belang.

## Die konteks van 'Die Ewige Trek'

In 'Die Ewige Trek' skryf Van Wyk Louw dat die hele wording van `n volk `n waagspel is en dat die Afrikaanse volk enig in sy gewaagdheid onder die kleiner volke is. Vir hom is die deurslaggewende oomblikke in die wording van die Afrikanervolk die Groot Trek (1835-38), die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en die keuse vir Afrikaans bo Hollands as publieke taal (1925). Op hierdie keerpunte was daar `n 'volkome ewewig van argumente' en hierdie ewewig kon nie deur enige rasionele argumente verander word nie. Die mense, veral die leiers, was genoodsaak om te kies, ongeag die groot gevare en onsekerheid na albei kante toe.

---

5. Vir `n bespreking kyk G. VAN N. VILJOEN, "'Wat is `n volk?' Die aktualiteit van Van Wyk Louw se riglyne vir die nasionalisme" in F.I.J. VAN RENSBURG (Red.), *Oopgelate kring* (RGN, Pretoria, 1982), pp.120-153.

6. N. FERGUSSON (Red.), *Virtual history: alternatives and counterfactuals* (Picador, London, 1997), p.1.

Dit was elke keer mense 'gedrewe met geloof en fanatisisme' wat die deurslag gegee het deur te kies vir stappe wat, agterna gesien, op die deurslaggewende wyse die volkswording van die Afrikaners bepaal het.

Die mense wat tot die daad oorgegaan het, het in Louw se woorde, "`n bietjie minder redelikheid, en 'n bietjie meer geloof en fanatisme" gehad.[7] Dit was die mense met die 'kleinste wysheid' wat besluit om te trek, om te veg in die oorlog wat in 1899 uitgebreek het en om met Afrikaans eerder as Hollands as publieke taal voort te gaan. Louw argumenteer dat met die drie sleuteldade Afrikaners hul geskiedenis verander het.

Louw skryf dat hy "alles wat enkel tydsgebonde aan die historiese instansie is" daarvan wil afstroop sodat "dit wat wesenlik aan daardie gebeurtenis was vandag nog vir ons geldigheid besit".[8] Ek is nie heeltemal seker wat hy hiermee bedoel nie. Elke geslag stel sy eie eise aan die geskiedskrywing en skryf die geskiedenis oor op `n wyse wat dit bevredig. Historici besef egter dat `n mens nie vandag se waardes op die verlede mag afdruk nie en ook nie geskiedenis mag herskryf op `n wyse wat die optrede van vandag se wenners in die verlede regverdig of verheerlik nie. Vir Herbert Butterfield skryf die historikus wat `n enkele beginsel bo alle ander wil verhef eintlik `n maklike geskiedenis. Hy skep egter '`n reusagtige optiese illusie' wanneer hy die verlede met verwysing na die hede probeer organiseer.[9]

Louw verhef die beginsel van wat hy 'volkswording' noem bo al die ander. Die historikus het egter geen opsie nie behalwe om gebeure as 'immediate to God' te sien, as ongemedieerd in die lig van nakennis. Sy taak is om die kompleksiteit van `n bepaalde gebeurtenis te beskryf in die besef dat sy oordeel altyd tydgebonde sal wees. Louw het in 1938 besluit dat bepaalde dade tot volkswording gelei het, maar in 2001 lyk sake effens anders. Die Afrikaners moes in die 1990s die politieke mag afstaan omdat dit weens die Groot Trek te dun oor `n te groot gebied versprei geraak het. As gevolg van die magsafstand het die Afrikaners as volk grootliks gedemobiliseer en is Afrikaans as taal in die meeste Afrikaanse opvoedkundige inrigtings in gedrang.

Louw het die essay 'Die Ewige Trek' geskryf in `n tyd toe daar onder Afrikaners `n felle stryd was tussen die Gesuiwerde Nasionaliste onder D.F. Malan en die gematigde Nasionaliste onder Genl. J.B. M. Hertzog, leier van die regerende Verenigde Party (VP). Hy het veel meer aangetrokke tot Hertzog as leier as Malan gevoel, en teen hierdie agtergrond was dit waarskynlik vir hom baie moeilik om tussen die Gesuiwerde NP en Hertzog se VP in die 1938 verkiesing te kies.

---

7. Louw definieer nie rasioneel nie. Ek gebruik dit term hier in die sin van die aanwending van gepaste middele om `n haalbare doel te bereik.

8. N.P. VAN WYK LOUW, *Versamelde prosa,* vol.1, p.95.

9. H. BUTTERFIELD, *The Whig interpretation of history* (Norton, New York, 1965), pp. 28-9.

In artikel wat hy in 1939 geskryf het, reageer Uys Krige op 'Die ewige trek'.[10] Daar is in hul private briefwisseling geen aanduiding van politieke meningsverskille nie en Krige toon groot waardering vir Louw se artikels wat in 1939 in *Lojale Verset* en *Berigte te Velde* gebundel is.[11] `n Mens staan nietemin voor die versoeking om hulle as die verpersoonliking van verskillende benaderings te sien. Cillié het met verwysing na die 1930s geskryf dat daar `n tweespalt onder die Afrikaner nasionaliste was tussen `n inwaartse gerigtheid (Malan) en `n uitwaartse een (Hertzog), tussen die konsentrasie op die self, op volkwees, en op Afrikaner verwesenliking, aan die een kant, en, aan die ander kant, die strewe na nouer skakeling, na hegter samewerking en politieke eenwording met nie-Afrikaners.[12]

Veral na die skok van die skeuring in die VP en die Smutsregering se besluit om oorlog te verklaar, staan Louw nader aan die benadering dat Afrikaners eers moes saamstaan en mekaar vind. Malan se appèl is op die emosies en geloof ("glo in God, glo in u volk en glo in uself"). Louw wys hierdie soort appél nie af nie. In 1936 het hy na 'Afrikaanse nasionalisme' verwys as `n mag wat aan 'ons jongeres' dieselfde volstrekte eise stel as `n godsdiens.[13]

In sy briewe aan Louw kom Krige as kulturele nasionalis en sterk gevoelsmens na vore, maar polities gesproke was hy waarskynlik meer ingestel op die saamstaan van die twee blanke groepe en op die stryd teen die Fascistiese diktature as wat Louw was. Wat rassebeleid betref, verwerp Krige in 1944 die idee van witmansbeskawing as `n 'leuen' en skryf dat daar geen vordering moontlik was voor daar nie van die leuen ontslae geraak word nie.[14] Louw skryf nie in hierdie terme nie.

Teen dié agtergrond raak dit meer verstaanbaar waarom Louw amper teen wil en dank die keerpunte in die Afrikanergeskiedenis as die produk van irrasionele keuses sien. Vir Krige, weer, was dit die rasionele figure wat tot die heldhaftige daad oorgegaan het – om te trek in 1835-1838, om te veg in 1899, en om Afrikaans bo Hollands te kies – terwyl dit die 'onredelikes' was wat hulle in hul veiligheid wou verskans. Laat ons hierdie gevalle van nader bekyk.

---

10. U. KRIGE, "Corgito ergo sum" in *Die Brandwag,* 17 Februarie 1939. Ek wil graag John Kannemeyer bedank, wat my op die bestaan van hierdie artikel gewys het.
11. J.C. KANNEMEYER, *Dokumente van dertig* (Juta, Kaapstad, 1990), pp.171-180.
12. P.J. CILLIÉ, *Hertzog en Malan: die jare van skeuring, 1934-1939* (Hertzog-gedenklesing, Potchefstroom, 1980).
13. N.P VAN WYK LOUW, *Versamelde prosa*, vol.1, p.25.
14. J.C. Kannemeyer, *Dokumente van dertig*, p.173.

## Die Groot Trek

Louw skryf dat ten tye van wat later as die Groot Trek bekend sou staan, `n 'volkome bewuste Afrikaner' die opsies so kon formuleer: Die opsie van bly in die Kolonie kon beteken dat die Afrikaanse koloniste verenig kon stry teen die vreemde Engelse invloed, maar dit kon ook blyk dat die nasionale gevoel te swak was en uiteindelik sou moet swig voor die Engelse invloed. Die opsie van trek het die groot gevaar ingehou dat die trekkers hulle nie in die dieper binneland sou kon handhaaf nie. Aan die ander kant was daar wel die kans dat die trek kon slaag en dat die trekkers tot `n sterk, bewuste volk sou groei. Hul nasionalisme sou dan weer op die Kaapse Afrikaners kon inwerk.

In Louw se konstruksie was ewe veel te sê vir trek of bly, of, soos hy dit uitdruk, `n volkome ewewig van argumente. Die Voortrekkers het die opsie van wegtrek, wat net `n skrale buitekans gehad het om te slaag, aangegryp. Dit was `n fanatisme, '`n menslike blindheid', wat hulle tot die historiese daad laat oorgaan het. Louw se konsepsie van `n 'volkome bewuste Afrikaner' en ook die formulering van die keuses is omtrent heeltemal anachronisties. Hy werk met `n nasionalistiese projeksie van 1938 van die keuses waarvoor die mense `n eeu vroeër gestaan het. Die trekkerleiers het eers lank nadat hulle uit die Kolonie was hul optrede as `n sug na politieke onafhanklikheid en `n verset teen vreemde dominasie probeer voorhou.

Uys Krige raak een van die werklike redes van die Trek aan waar hy skryf dat dit die voortdurende onveiligheid aan die grens was wat die mense laat trek het. Daar was ook `n ander belangrike oorsaak, naamlik die gebrek aan `n behoorlike administratiewe struktuur in sekere grensgebiede, veral die Tarka, wat beteken het dat die grensboere geen regeringsbeskerming of ander dienste geniet het nie. Die verset van die trekkers was nie in die eerste plek `n verset teen Britse gesag nie. Talle trekkers sou gebly het as die Britse gesag beter sy wet en orde toegepas het. Vir baie grensboere, onder wie ook Sarel Cilliers, was die gebrek aan grond die grootste probleem. Vir hulle was die ideale opsie dat Brittanje die koloniale grense uitskuif sodat hulle hulle op nuwe grond onder Britse gesag kon vestig.

Die beste ontleding van die oorsake van die Groot Trek, dié deur C.F.J Muller, is baie nader aan die standpunt van Krige. Muller skryf dat daar vir diegene wat getrek het net een ding oorgebly het, naamlik om weg te trek van `n onhoudbare situasie. Die regering wou of kon nie die grensboere beskerm nie, maar dit wou ook nie die grensboere toelaat om dit self te doen nie. Muller beeld die Trek uit as `n`n goed beplande daad van vreedsame rebellie eerder as `n irrasionele respons, soos wat Louw dit wil hê.[15]

Louw is egter nie verkeerd om die trek as `n groot waagstuk uit te beeld nie. Dit is sekerlik so dat sekere tydgenote die trek as `n roekelose daad gesien het met min

15. C.F. J. MULLER, *Die oorsprong van die Groot Trek* (Tafelberg, Kaapstad, 1974).

kans om te slaag. Gideon Joubert, `n goed ingeligte kolonis aan die noordgrens, het `n ramp verwag. Die trekgeselskappe sou uitgewis word en die oorlewendes sou verplig wees om terug te keer. Die alternatief was dat hulle sou verwilder 'erger dan de heijdenen'.[16]

Iemand wat die trekkers sterk afgeraai het, was Andries Stockenstrom, `n besonder goed ingeligte tydgenoot en iemand wat hom as sowel Boer as Afrikaner geïdentifiseer het. Hy was kommissaris-generaal van die Oostelike Distrikte met sy setel op Grahamstad. Tien jaar tevore, toe hy nog Landdros van Graaff-Reinet was, was hy in `n vurige debat met sendelinge, insluitende dr. John Philip, betrokke. Hier het hy die keuses vir die koloniste in terme gestel wat vandag nog geld:

> (We) must either run away, sit still and have our throats cut or defend what we have.[17]

Vir Stockenstrom was die trek uit die kolonie weghardloop. Hy sou veel eerder wou sien dat die klein getal blanke koloniste in die kolonie bly, dat boere meer doeltreffende landbouers word en die ondoeltreffendes handearbeiders, en dat die sekuriteit situasie en administratiewe stelsel verbeter word sodat mense vertroue in die reg ontwikkel om hul konflikte te besleg. Hy het gesê:

> I am to call 'murder, murder' and 'plunder, plunder', whatever be the colour of the perpetrator's skin.[18]

As Stockenstrom en sy opvolgers daarin geslaag het om die grensboere te oorreed om te bly, het ons vandag heelwaarskynlik `n soort Israel in die gebied wes van die lyn Humansdorp tot Kimberley tot by die Atlantiese Oseaan gehad. Daar sou ook volkswording plaasgevind het, maar oor die vorm daarvan kan `n mens net gis. Selfs die geskiedenis wat ons vandag ken, is nie alleen deur die Trek bepaal nie. Teen 1877 was die Voortrekker-republiek in die Transvaal `n mislukte staat wat deur Theophilus Shepstone en 25 man geannekseer kon word. Sonder die ontdekking van goud en Britse militêre optrede in die 1870s het `n groot deel van die land dalk glad nie onder blanke beheer gekom nie. Dus, wat die trek as keerpunt betref, het Krige `n heelwat beter greep op die gebeure as Louw gehad.

## Die Anglo-Boereoorlog

Vir Louw was die oorlog die tweede groot waagstuk. In sy konstruksie was die wysheid van die redelikes die kleinste. Hulle was die rasionele Kaapse Afrikaners

---

16. P.J. VAN DER MERWE, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek* (Van Stockum, Den Haag, 1937), p. 370.
17. C.W. HUTTON (Red.), *The autobiography of Sir Andries Stockenstrom* (1887 herdruk: Struik, Kaapstad, 1964), pp. 244-5.
18. A. DU TOIT en H. GILIOMEE, *Afrikaner political thought, 1780-1850* (David Philip, Kaapstad, 1983), p.169.

wat die republikeine probeer oorreed het om nie te veg nie en om liewer aan al Milner en Chamberlain se eise te voldoen sodat oorlog vermy kon word. Louw skryf dat Kruger besef het dat die stryd nie gewen kon word as Brittanje sy volle krag insit nie. Maar hy het ook geweet dat as die republieke nie veg nie, die "Afrikaanse volksgevoel van slapheid en feitlik van skaamte" sou sterf. Louw meen dat uit die stryd `n nuwe Afrikaanse nasionalisme gebore is wat nie langer te keer was nie.[19]

Uys Krige verskil net van Louw waar laasgenoemde suggereer dat Kruger irrasioneel was in sy besluit om te veg. Hy voel dat Kruger heel nugter en rasioneel opgetree het, wetende dat "die volk genoeg siel en adel en diep verborge kragte in hom het om op die ou end te oorwin, al word hy ook tydelik verpletter."

Die antropoloog Barbara Ehrenreich argumenteer in `n onlangse boek dat oorlog nie `n rasionele aktiwiteit is nie, alhoewel mense altyd dink dat hulle goeie redes het om oorlog te maak. Die enigste werklike vraag is hoekom so `n mensonterende aktiwiteit soos oorlog maak omtrent altyd met allerlei godsdienstige en kwasi-godsdienstige rasionalisasies geregverdig word.[20] Die konsep van rasionaliteit help dus nie baie om die Boere se besluit om te veg, te verstaan nie. In die Anglo-Boereoorlog kon die Boere maar net 50 000 man mobiliseer teen `n mag wat op die ou end 450 000 man gemobiliseer het. Die Boere het nie `n militêre strategie vir `n blitsoorwinning gehad nie, wat die enigste kans op `n oorwinning was. Sommige van president S.J.P. (Paul) Kruger se ou generaals was so onbekwaam dat `n mens die oorlogsbesluit irrasioneel kan noem, maar nie vir die redes wat Louw aangee nie.

Die burgers wat die groot roem vir die Boere in hierdie oorlog verwerf het, was die 15 000-20 000 Bittereinders, wat aanhou veg het nadat die Boeremagte reeds verpletter was. Maar hul leiers was ook die mense wat voor die uitbreek van die oorlog die meeste kritiek op Kruger gehad het omdat sy traagheid om betyds te hervorm – ja, sy irrasionele halstarrigheid –die Transvaal op `n oorlog laat afstuur het. In die Volksraad-debat op die vooraand van die oorlog het Koos de la Rey, die latere Bittereinder held, geargumenteer dat die republiek nog nie in staat was om `n oorlog teen Brittanje te voer nie en eerder toegewings moes maak solank as wat daar net `n greintjie van onafhanklikheid behou kon word. Toe Kruger sy opponente in die debat van lafhartigheid beskuldig, was De la Rey se antwoord dat

---

19. N.P VAN WYK LOUW, *Versamelde prosa*, vol.1, p. 98.

20. B. EHRENREICH, *Blood rites: origins and history of the passions of war* (Metropolitan, New York, 1997).

hy nog in die veld sou wees om vir onafhanklikheid te veg lank nadat Kruger en sy party, wat "met hul monde oorlog maak", reeds uit die land gevlug het.[21]

Was die besluit van die republieke om oorlog te maak 'n irrasionele besluit? Is die Britte of die Duitsers wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog uit hul loopgrawe storm om golf na golf deur masjiengeweer vuur afgemaai te word irrasioneel? Dikwels moet `n mens `n *radikale* keuse maak oor `n kwessie waarvoor daar nie rasionele kriteria is nie. Jean-Paul Sartre gee `n voorbeeld van hierdie soort dilemma. `n Jong Fransman moes gedurende die vroeë 1940s kies tussen om by sy bejaarde, siek moeder te bly, en om aan te sluit by die Versetbeweging. Desperaat vra hy raad by die filosoof, wat antwoord dat daar geen deurslaggewende argumente vir die een of ander kant is nie. Die man kan niks anders doen nie as om te kies.[22]

Die twee hooffigure aan Boerekant, president Kruger en president M.T. Steyn, het nie in die eerste plek rasioneel en realisties na die republieke se kanse vir `n oorwinning gekyk nie. Kruger het die oorlog in `n gees van fatalisme benader—daar was vir hom geen keuse nie. Hy het die vergelyking getref met 'n man wat hom skielik in die teenwoordigheid van `n leeu bevind slegs met `n knipmes gewapen. Hy sal nie vir `n oomblik daaraan dink om die dier te steur nie, maar as die leeu hom aanval, sal hy `n lafaard wees as hy nie veg nie. Op die vooraand van die oorlog het hy opgemerk: "Die riem is om my nek, ek moet veg."[23]

Steyn se aandrag dat die Republiek van die OVS saam met die Transvaal aan die oorlog deelneem, is moeiliker om te verklaar. Die OVS het vroeër `n aanvals- en verdedigingsverdrag met Transvaal gesluit, maar Brittanje het tot die einde van die onderhandelinge gedink dat die Vrystaat neutraal sou bly. As die OVS dit sou doen, sou Brittanje waarskynlik die republiek `n beperkte mate van onafhanklikheid laat behou het. Steyn het daarop aangedring dat al die opsies vir onderhandelinge uitgeput moes word voordat die besluit oor oorlog geneem word. Maar op die kritieke oomblik was sy standpunt dat die OVS moes veg en sy onafhanklikheid eervol verloor, eerder as om dit in oneer en ontrou te behou.[24]

Jan Smuts, wat sy bes gedoen het om met diplomatieke onderhandelinge die oorlog af te weer, het ook nie die oorlog ingegaan met `n rasionale berekening van die kanse op oorwinning nie, maar wel met die besef dat `n slagting wag. Net soos in

---

21. J. MEINTJES, *Koos de la Rey: lion of the west* (Hugh Keartland, Johannesburg, 1966), p. 81.
22. Aangehaal deur M. WALZER, "Are there limits to liberalism?" *New York Review of Books,* 19 Oktober 1995, p. 23.
23. J. FISHER, *Paul Kruger* (Secker and Warburg, London. 1974),pp. 225-34.
24. N.J van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn,* Vol. 1, (Nasionale Pers, Kaapstad, 1921), p. 255.

die geval van Sartre se jong man was daar net die eksistensiële keuse. Net voor die uitbreek van die oorlog skryf Smuts:

> Suid-Afrika staan op die vooraand van `n verskriklike bloedbad. Uit hierdie beproewing sal die Afrikanervolk na vore tree as relikwieë, houthakkers en waterdraers vir 'n gehate [Britse] ras of as oorwinnaars en stigters van `n verenigde Suid-Afrika, een van die groot wêreldryke.[25]

Teen die einde van die oorlog het 60 Boere-afgevaardigdes vir twee weke by Vereeniging bymekaar gekom om te besluit onder watter voorwaardes hulle vrede wou sluit. Nou het dit `n saak vir rasionele argumente geword. Die eerste voorstel wat hulle aan Brittanje gemaak het, was dat die *Zuid-Afrikaansche Republiek* die goudvelde prysgee mits die Boere `n beperkte onafhanklikheid behou wat op bestuur van eie sake neergekom het. ('n Eeu later het die Afrikaner-afgevaardigdes by Kempton Park die omgekeerde gevra. Hulle het alle politieke seggenskap prysgegee op voorwaarde dat hulle hul private goud behou.) Toe Brittanje dit weier, was die vraag of die stryd voortgesit moes word. Die eerste vraag was: Was daar nog enige kans op`n oorwinning? Die meerderheid se gevoel was: nee. Die tweede vraag was: Was dit moontlik vir die volk om voort te bestaan sonder onafhanklikheid? Niemand was heeltemal seker nie.

J.J. Naudé (Beyers se pa) het opgemerk dat daar die kans was dat die Hollandse taal `n 'kanaal' was waardeur 'die volk weer volk kon word'. Hy was een van ses persone wat geweier het om die akte van oorgawe te teken omdat daar nie genoegsaam vir die taal voorsiening gemaak was nie.[26]

Alhoewel feitlik tot die dood toe uitgeput, het Steyn – `n mens kan sê irrasioneel – volgehou het dat die stryd voortgesit word. "Onafhanklikheidsoorloë duur jare en daarop is ons voorberei", het hy uitgeroep, en vervolg dat hoewel die vroue en kinders sou ly, dit beter was as om die kinders en kleinkinders 'knegte van ons vyand' te laat word. Hy was te siek om aan die onderhandelinge deel te neem, en was hoogs ontsteld toe hy die nuus hoor dat die Boere besluit het om onvoorwaardelik oor te gee en dat Brittanje `n bedrag van £3 000 000 sou skenk vir die heropbou van die Boererepublieke. Teenoor Jack Brebner het hy uitgeroep: "Jack, magtig, Jack, julle het die volk vir drie miljoen verkoop!"[27]

Ons moet onthou dat ons vandag Steyn loof omdat ons weet dat die Afrikaners later wel die mag gekry het. Louis Botha, Jan Smuts en Koos de Rey het almal gewaarsku teen die voortsetting van die stryd. Daar was `n goeie kans dat die

25. W.K. HANCOCK en J. VAN DER POEL (Reds.), *Selections from the Smuts papers* Vol. 1, (Cambridge, Cambridge University Press, 1966), p. 321.

26. J.D. KESTELL en D.E. VAN VELDEN, *Die vredesonderhandelinge* (Herdruk: Human en Rousseau, Kaapstad, 1982), pp. 84, 146,164).

27. K. SCHOEMAN, *In liefde en trou* (Human en Rousseau, Kaapstad, 1983), pp. 51-9.

Bittereinders se stryd roemloos kon eindig met meer Boere as Hendsoppers en Joiners onder Britse vlag as Boere wat onder die republikeinse vlae veg. Botha se stem is die rasionele een:

> Daar is gesê dat ons moet veg tot die bitter einde…Is dit waar iedereen in sy graf lê of verban is?[28]

Tog is daar iets in Steyn se heroïese volharding wat Louw se siening bevestigg van die irrasionele daad wat `n sublieme betekenis verwerf. Die reg van die republieke om onafhanklik te bly, is vir Steyn – en sekerlik ook vir Louw – die hoër reg wat alle ander regte te troef; die 'idee', wat "alle regte handelinge uiteindelik hul waarde gee".[29] Op `n meer aardse vlak is die onbesonge held van Vereeniging miskien Smuts, wat rasioneel besef dat die tyd vir oorgawe gekom het, maar dat irrasionele faktore in die weg staan – veral die kwessie van wie die blaam vir die oorgawe moes dra. Die Vrystaters het die Transvalers geblameer wat telkens te gou tou wou opgooi. Daar was ook afgevaardigdes wat dit aan ander wou oorlaat om vrede te sluit sodat hulle hul hande in onskuld kon was.[30] Smuts het ingegryp in deur aan die Boere-afgevaardigdes die mening van Lord Kitchener oor te dra dat die Liberale Party in Engeland binne `n paar jaar aan die bewind sou kom en heel moontlik aan die verslane republieke selfregering sou gee. Dertig jaar later vra die skryfster Sarah Gertrude Millin aan Smuts of hy werklik soveel peil getrek het op Kitchener se heldersiendheid in sy poging om die Boere se oorgawe te bewerkstellig:

> He [Smuts] smiled a little at the thought. 'Well, the peace had to be accomplished, you know'.[31]

Louw se gevolgtrekking dat uit die stryd `n onkeerbare Afrikaner nasionalisme gebore is, is aanvegbaar. Dit was eerder die vasberadenheid van leiers soos J.B.M. Hertzog en D.F. Malan om die taal as politieke kanaal te gebruik wat Afrikaner nasionalisme as beweging laat ontwikkel het. Hertzog het reeds tydens die onderhandelinge laat blyk dat Lord Milner, die anglisasiedrywer, 'n stryd kon verwag. "Ek wil net een amptelike taal in Suid-Afrika hê", het Milner uitgeroep, waarop Hertzog antwoord: "Ek ook." Soos Hertzog later opgemerk het, was sy bedoeling natuurlik nie dieselfde as dié van Milner nie.[32]

---

28. J.D. KESTELL en D.E. VAN VELDEN, *Die vredesonderhandelinge*, p. 79.
29. N.P. VAN WYK LOUW, *Versamelde prosa,* vol 1 p. 100.
30. F.V. ENGELENBURG, *General Louis Botha* (George Harrap, London, 1929), pp. 89-90.
31. S.G. MILLIN, *General Smuts,* Vol. 2, (Faber and Faber, London, 1936), p.182.
32. C.M. VAN DEN HEEVER, *Generaal J.B.M. Hertzog* (A.P.B., Johannesburg, 1943), pp.170, 203.

## Afrikaans as amptelike taal

Louw se siening is dat daar in 1925, toe die keuse vir 'n tweede amptelike taal naas Engels gemaak moes word, `n ewewig van argumente bestaan het tussen Afrikaans as ontluikende taal sonder literatuur en Nederlands as gevestigde taal met `n ryk literatuur. Aan die een kant was daar diegene wat gevoel het dat die stryd teen Engels as publieke taal nie met Afrikaans aangedurf kon word nie. Die gevaar was dat die Afrikaanse volk in die dekade of twee na 1925 onherroeplik sou verengels en sou ophou om as `n aparte groep te bestaan voordat `n 'eie mooi literatuur' kon verskyn. Soos Louw dit stel, was die keuse vir Afrikaans `n geloofsdaad wat gemaak is in die oortuiging dat `n mens `n bietjie fanaties oor sekere sake moet wees. Die 'dwase en vermeteles' se houding was: "Ons *wil* dat daar in Suid-Afrika so `n wonder gebeur, dat daar `n jong kragtige literatuur ontstaan waardeur ons gered sal word." Hierdie standpunt het geseëvier.

> Die Afrikaanse taal het die mense veel magtiger aangegryp as wat Nederlands ooit kon doen en voordat ons as volk verdwyn het.[33]

Uys Krige sluit met sy argument by C.J. Langenhoven aan wanneer hy opmerk dat die besluit om op Afrikaans alleen as publieke en kultuurtaal naas Engels te steun rasioneel was. Daar was in feite geen ander opsie nie, met net `n paar dosyn mense in die land wat Hollands korrek kon praat en skryf. Hy vra: Wat is meer logies, meer rasioneel as om die moedertaal, wat almal ken, wat almal praat, waarin elkeen sy diepste gedagtes uitdruk, tot publieke taal te verhef?

`n Mens voel by die eerste oogopslag meer aangetrokke tot Krige se standpunt. Die nood was eenvoudig net te hoog om met Hollands aan te sukkel. Die Afrikaners het in die eerste vier dekades van die twintigste eeu `n groot onderlaag van swak opgevoede, brandarm mense gehad. Louw het elders geskryf dat die vervanging van Hollands met Afrikaans `n broodsaak was –`n mooi sametrekking van noodsaak en broodnodig [34] Onderrig in die moedertaal het die opheffing van die armblankes dramaties vergemaklik. Sonder Afrikaans was hulle verlore, want Engels en Hollands was vir hulle onleesbaar en onskryfbaar.

Maar daar was ook `n ander, lewensbelangrike kwessie. Sou Afrikaans gou genoeg `n kultuurtaal kon word? Sou die Afrikaanse mense met die voortreflikste talente nie verkies om hul ernstige werk in Engels te lewer nie? Sou hulle nie almal na Engels as hul 'geleerde' taal oorskakel voordat daar 'n literatuur in Afrikaans geskep is nie? In 1926 het C.J. Langenhoven sy gemengde gevoelens uitgedruk oor die feit dat die indrukwekkende *Holism and Evolution* deur Jan Smuts, `n Afrikaner geskryf is:

---

33. N.P.VAN WYK LOUW, *Versamelde prosa*, vol.1, pp. 96-8.
34. E. BOTHA, *Rede by inhuldiging as kanselier van die Universiteit van Stellenbosch* (Universiteit van Stellenbosch, ongedateer).

> Was hierdie boek in Afrikaans geskryf, watter uitgewer sou daarna kyk? Hy is `n boek vir een uit die tienduisend. Hierdie persentasie gee jou `n baie groot mark onder die Engelssprekendes; by ons is dit hopeloos. [35]

Hy voeg by:

> Jy [doen] tog eer aan sy skitterende gawe wanneer jy dit betreur dat sy hoogste diens nog nie bestee kon wees aan die kultuur en taal van sy arme behoeftige volk nie.[36]

Vir Smuts was dit nie `n prioriteit om in Afrikaans te skryf nie – Afrikaans was vir hom, soos hy in `n parlementêre debat in 1925 opgemerk het, 'Hollands sonder die grammatika'. Na sy nederlaag in 1948, toe hy gevra is hoekom hy nie meer vir Afrikaans gedoen het nie, het hy verbaas geantwoord: "Hulle vra wat ek gedoen het vir die Afrikaanse taal, maar, goeie hemel, hoeveel ander werk moes ek nie doen nie!" *Die Burger* het voorspelbaar gereageer: "Hy het geen tyd gehad vir sy volk se stryd nie, hy was te besig."[37] Maar selfs die Australiër Keith Hancock, wat die beste biografie van Smuts geskryf het, het geoordeel dat Smuts polities onverstandig was om onbetrokke by die stryd vir Afrikaans te bly.[38]

Smuts was korrek om bedenkinge te koester oor die vervanging van Hollands deur Afrikaans as taal vir offisiële dokumente en as kultuurtaal in die algemeen. Selfs Gustav Preller, wat in 1905 van die eerstes was om vir Afrikaans voorspraak te maak, het hierdie bedenkinge onderskryf. Hy het in 1928 geskryf dat die besluit om Nederlands opsy te skuif `n vakuum sou laat wat deur Engels gevul sou word. Hy haal statistieke aan van die lae presentasie van Nederlandse en Afrikaanse boeke wat in 1927 by verskeie biblioteke uitgeneem is. Pretoria 1 persent, Bloemfontein 0,3 persent, Rustenburg 0 persent, Kroonstad 3 persent. In 1927 het die openbare biblioteke in Villiersdorp en Die Strand besluit om nie meer Afrikaanse boeke aan te koop nie.[39]

Prof J.J. Smith, `n Stellenbosse taalkundige, het as eerste redakteur van *Die Huisgenoot* baie gedoen om mense Afrikaans te laat lees. Maar ook hy het die besluit om Hollands met Afrikaans te vervang as `n ramp gesien vir die ontwikkeling van `n hoogkultuur taal naas Engels in die land. In 1931 het hy geskryf:

> Ons eie Afrikaanse letterkunde is totaal ontoereikend vir `n moderne kultuurmens…As ons volk toelaat dat die opkomende geslagte geen Nederlands meer lees nie, dan kan ek geen kultuur vooruitsigte vir u voorhou nie. Ons mag vir honderd

---

35. *Die Burger,* 16 Oktober 1926.
36. *Die Burger,* 16 Oktober 1926.
37. H.B. THOM, *D.F. Malan en koalisie* (Tafelberg, Kaapstad, 1988), p. 74.
38. W.K. HANCOCK, *Smuts: the sanguine years* (Cambridge University Press, Cambridge, 1962), p. 360.
39. P.J. DU PLESSIS, Die lewe van Gustav Preller, 1875-1943, (Ph. D., UP, 1988), p. 376.

> of tweehonderd jaar nog bestaan as `n interessante Boerevolkie met `n eie poëtiese literatuur, maar `n kultuurtaal sal ons nie wees nie.[40]

In hierdie geval is Louw se siening dus helderder as dié van Krige. Die projek om halsoorkop Afrikaans as akademiese taal, literêre taal en wetenskapstaal te ontwikkel, was amper iets irrasioneels. Dit projek is met `n tikkie fanatisisme – in die goeie sin van die woord – deurgevoer. Niemand sou in 1931, toe Smith sy opmerking gemaak het, kon voorspel dat twee jaar later `n algemeen aanvaarde vertaling van die Bybel sou verskyn nie en ook vyf volumes van die Carnegieverslag oor blanke armoede in `n Afrikaans wat soepel en aards is. Niemand sou kon dink dat daar enkele jare later `n dramatiese opbloei van die digkuns sou plaasvind nie, of dat essayiste van die gehalte van Louw, historici van die formaat van P.J. van der Merwe en regsgeleerdes van die kwaliteit van J.C. de Wet na vore sou kom wat Afrikaanse werke van blywende waarde sou skryf nie.

Die besluit om na Afrikaans oor te slaan as kultuurtaal was dus, as `n mens 75 jaar later oordeel, `n waagkans wat geslaag het – of liewer vir die huidige geslaag het.

Milan Kundera skryf in dieselfde terme oor Tsjeggies as wat Louw oor Afrikaans skryf. Tsjeggies is amper uitgewis deur Duits in die verduitsing van Sentraal-Europa ná die Dertigjarige Oorlog (1618-1648). Die Tsjegge bestaan vandag omdat hulle gekies het om te bestaan. Hul bestaan – soos dié van Afrikaanse mense vandag – is `n keuse, `n projek, of, om van Pascal te leen, `n waagstuk. Volgens Kundera is die bestaan van die Tsjeggiese nasie vandag nie te danke aan gewapende mag of politieke geslepenheid nie, maar die groot korpus intellektuele werk wat in die taal bestaan. Tsjeggies het oorleef omdat daar in die taal `n bepaalde spesifiekheid geformuleer is, wat tot `n literatuur met onvervangbare waarde uitgegroei het. Die Tsjeggiese nasie word deur hierdie literatuur gevorm in die wydste sin van die woord en sy lotsbestemming bly onafskeidbaar daaraan verbonde.[41] Ek dink ons kan dieselfde sê van die oorlewing van Afrikaans in die nuwe eeu.

Die vraag is: Waarom beklemtoon dit so dat wanneer daar `n ewewig van keuses is diegene wat tot die daad oorgaan iets irrasioneels die deurslag laat gee? Uys Krige het geskryf: "He loads the dice in favour of the irrational."[42] Oliver het die antwoord in Louw se aansluiting by Nietsche en Nazi-denke probeer soek.[43] Ek dink die antwoord moet plaaslik gesoek word. Die hele 'aristokratiese' projek om Afrikaans as kultuurtaal op te bou, is seker irrasioneel waar Engels vir die elite so

---

40. *Die Burger* 6 Junie 1931.
41. M. KUNDERA, "The Czech wager" in *New York Review of Books*, 22 Januarie 1981, pp. 21-3.
42. U. KRIGE, "Corgito ergo sum" in *Die Brandwag*, 17 Februarie 1939, p. 73.
43. G. OLIVIER, *N.P van Wyk Louw* (Human en Rousseau, Kaapstad, 1992) ,pp. 35-51.

`n gerieflike en beskikbare kanaal was en nog is. Dit was so in die 1830s, dit was so in die 1930s en dit is vandag nog so. Dit is net met geesdrif, toewyding en selfs 'n tikkie fanatisme en irrasionaliteit dat `n hoogkultuur in Afrikaans naas een in Engels ontwikkel is – en dit sal geesdrif, toewyding en irrasionaliteit verg om dit in hierdie eeu in stand te hou.

Aan die ander kant het die keuses wat *nie* gemaak is nie, en selfs nie eens deur Louw in 1938 as keuses geformuleer is nie, die langtermyn kans op die oorlewing van Afrikaans as veelrassige taal baie gestrem. Tussen ongeveer 1919 en 1932 het die Nasionale Party by verskeie geleenthede gespeel met die gedagte om die bruinmense by sy steungroep in te skakel. J.H. de Waal, een van die eerste Afrikaanse skrywers en NP parlementslid, het die bruinmense in 1919 bestempel as mede-Afrikaners, wat dieselfde taal praat, dieselfde geskiedenis en belange het en deur dieselfde vyande ('imperialiste' en 'kapitaliste') om die bos gelei word. In 1924 het die meerderheid bruinmense vir die Pakt-koalisie van Nasionaliste en Arbeiders gestem. Bruinmense was veronderstel om ook begunstigdes van die beleid van beskaafde arbeid te wees.

Van 1924 het die paaie van wit en bruin Afrikaanssprekendes al verder uitmekaar geloop. Dit het gou geblyk dat die regering die blankes die groot begunstigdes van die beleid van beskaafde arbeid sou maak en ook nie van plan was om gelyke betaling vir wit en bruin onder die beleid in te stel nie. Toe dit teen die einde van die 1920s die stemreg tot blanke vroue wou uitbrei, het die bruin stem gou in gedrang gekom. In die laat 1920s wou Hertzog bruinmense klassifiseer om hulle van swartes te onderskei voor die stem na bruin vroue en bruinmense buite die Kaapprovinsie uitgebrei kon word. In die 1929 het die NP die meeste van sy bruin steun verloor, maar nog nie finaal afgesien van die bruin stem nie. D.F. Malan, Kaapse leier van die NP, was die les van die verkiesing dat bruinmense na die stembus moes gaan nie as bruinmense nie, maar as burgers van Suid Afrika. Die idee van afsonderlike bruin verteenwoordiging moes verwerp word, want dit sou tot die skepping van `n bepaalde rassegroep lei.[44] Dit was samesmelting met die Verenigde Party as beliggaming daarvan wat die NP van Malan laat besluit het om finaal van die bruin stem af te sien. Politieke apartheid tussen wit en bruin Afrikaanse mense het al meer kulturele apartheid aan die hand gewerk.[45]

Hertzog, wat konsekwent daarop gestaan het dat die bruinmense by die blankes hoort, het nooit die toekoms van Afrikaans gesien as iets wat van veelrassige steun afhang nie. In 1938 spreek hy die hoop uit dat Afrikaans:

> wat die enigste inheemse blanke taal van hierdie suidhoek van Afrika is, oor 1 000

---

44. *Die Burger*, 5 September 1929.

45. H. GILIOMEE, "The non-racial franchise and Afrikaner and coloured identities, 1910-1994" in *African Affairs*, 94 (375), 1995, pp. 199-225.

> jaar nog die taal sal wees wat deur die meerderheid van die blanke inwoners van Suid-Afrika gepraat sal word.[46]

Toe Louw in 1952 in sy beroemde essay oor voortbestaan in geregtigheid waarsku teen `n Afrikaner volk wat haatlik vir mense buite en binne hom kan word en kies dat sy volk liewer moet ondergaan as om in so `n ongeregtigheid voort te bestaan – was dit sy protes teen die apartheidsmaatreëls gemik teen bruinmense in die eerste jare van die Malan-bewind.[47] Sy woorde van 1960 dat die bruinmense "is ons mense, hoort by ons" kom dit oor as `n kreet van ontsteltenis oor fatale verkeerde keuses. Hy skryf van sy hartstogtelike wil dat "my volk, wit en bruin, in hierdie land bly voortbestaan".[48] Maar die keuses was reeds gemaak: Afrikaners, Afrikaans en apartheid het in `n skynbaar noodlottige omhelsing beland.

## Apartheid

Laat ons Louw se beeld van 'n gelykop keuse tussen twee dinge, `n volkome ewewig van argumente, toepas op drie sleutelbesluite in die tweede helfte van die twintigste eeu wat die Afrikanervolk se oorlewingskanse ten nouste geraak het. Louw was nie juis entoesiasties oor die van 1948 oor die keuses oor rassebeleid nie – apartheid *versus* ekonomiese integrasie. Hy skryf op 31 Maart 1948 aan `n vriend oorsee dat die koerante vol is van die kleurvraagstuk en dat `n mens nie weet of `n oorwinning na enige kant toe in hierdie saak `n 'vreugdevolle oplossing' sou wees nie.[49]

As `n mens in retrospek `n ewewig van keuses vir die Afrikaner nasionaliste in 1948 wil definieer, hoef jy nie verder te soek as die opsies wat Henry Fagan en Nic Olivier in die maand voor die verkiesing aangebied het nie. Fagan verwerp rasse-assimilasie, maar argumenteer dat die instroming van die swartes nie gekeer kan word nie en dat dit irrasioneel is om hulle as burgers uit te sluit op grond van die feit dat hulle in `n reservaat hul ware tuiste het. Swartmense moes toegelaat word om hulle met hul gesinne in die stede en dorpe te vestig. Vir Fagan was daar teoreties drie opsies: partisie, rassegelykheid en die tussen-in opsie met wit en swart wat langs mekaar leef en oorleef en albei as erken as permanent. Die eerste twee opsie was vir hom nie prakties nie en hy het die derde opsie as die rasionele opsie voorgehou. Dit was opsie van nòg geheelonthouding nog dronkenskap, so het hy later dit beskryf.[50]

---

46. *Die Burger,* 18 November 1938.
47. N.P. VAN WYK LOUW, *Versamelde prosa*.vol.1, pp. 461-63.
48. N.P. VAN WYK LOUW, "Voorwoord", D.P. Botha, *Die Opkoms van ons Derde Stand* (Human en Rousseau, Kaapstad,1960).
49. J.C. STEYN, *Van Wyk Louw: `n lewensverhaal* (Tafelberg, Kaapstad, 1998), p. 479.
50. H. FAGAN, *Ons verantwoordelikheid* (Stellenbosch: Universiteituitgewers, 1959), p. 49.

Nic Olivier, toe `n 29-jarige dosent aan die Universiteit van Stellenbosch, het al drie opsies verwerp. Daar was vir hom net een rasionele opsie: die verstrengeling van rassegroepe moet ongedaan gemaak word en die afsonderlike ontwikkeling en bestaan van die verskillende rasse moet bevorder word. In `n verklaring opgestel en uitgereik op die vooraand van die verkiesing verklaar Olivier en 70 Stellenbosse akademici dat Fagan integrasie bepleit wat tot maatskaplike en politieke gelykstelling sou lei en die einde van die blanke beskawing.[51] Soortgelyke verklarings is deur akademici in Pretoria en Bloemfontein uitgereik.

Gesien uit die hoek van `n party wat hoofsaaklik Afrikanerkiesers verteenwoordig: Was apartheid `n rasionele opsie?

Kom ons probeer om die vraag uit hierdie hoek te benader. Teen 1948 het Suid-Afrika 'n stewige basis gehad vir sterk ekonomiese groei: volop natuurlike hulpbronne, 'n goeie verdienste aan valuta, 'n redelik ontwikkelde finansiële stelsel, bekwame mense op verskillende vakgebiede, 'n stewige tegnologiese basis, 'n bekwame staatsbestuur en 'n gevestigde plek in die wêreldhandel.

Die grootste gebrek was 'n politieke stelsel wat stabiliteit sou verseker. Dieselfde probleem het die potensieel florerende Argentinië teruggehou, al het sy toekoms in die 1930s so blink gelyk. Toe het dit in terme van die Bruto Binnelandse Produk (BBP) die vyfde hoogste *per capita*-inkomste in die wêreld gehad; vandag 70 jaar later, na groot politieke onstabiliteit, `n wisselvallige ekonomiese beleid en grootskaalse korrupsie beklee die land 48ste plek.

Tussen 1948 en 1976 was Suid-Afrika op die politieke grondslag van apartheid stabiel en was dit ook redelik voorspelbaar dat kapitalisme (alhoewel met `n groot publieke sektor) die ekonomiese beleid sou bly. In hierdie tyd het die land teen `n gemiddelde van net onder 5 persent ekonomies gegroei, wat nie te versmaai was nie. Tot en met die middel van die 1970s was korrupsie in die openbare sektor gering. Uit `n groep van 20 vergelykbare ontwikkelende lande staan dit in die 1960s 11de in sy groeiprestasie.[52] Dit het nietemin die potensiaal gehad om beter te vaar – indien die ontbrekende formule van `n politieke stelsel wat sowel stabiel as legitiem was, gevind kon word.

Was daar `n formule vir `n stabiele demokrasie in 1948? In 1947 laat Jan Hofmeyr, waarnemende eerste minister, vir Smuts by die Verenigde Volke weet dat hy aan geen politieke toegewing kan dink wat die gegriefde stedelike swart elite tevrede sou stel en tog deur die blanke publiek geduld sou word nie.[53] Teenoor Z.K.

51. *Die Burger*, 20 Mei 1948.

52. T. MOLL, "Did the Apartheid economy fail?" in *Journal of Southern African Studies,* 9 (2), 1991.

53. W.K. HANCOCK, *Smuts: the fields of force* (Cambridge University Press, Cambridge, 1968), p. 229.

Matthews, die voorste swart intellektueel, merk hy op dat die regering niks kan doen wat deur die kiesers as oorgawe geïnterpreteer sal word nie.[54] Veral Afrikaners was kwesbaar indien `n liberale demokrasie ingestel sou word. Veertig persent van die Afrikaners was bloukraag werkers en `n verdere 15-20 persent sukkelende boere. Enige demokratiese stelsel wat blanke bevoorregting op onderwysgebied of in die arbeidsmark en beskerming vir boere sou beëindig sou katastrofaal vir hierdie groepe wees. Vergelykende studies van geslaagde demokrasieë toon aan dat die deurslaggewende voorwaarde `n stabiele middestand is wat hul inkomste in die private sektor eerder as van die staat verdien, en wat konsensus oor waardes het.[55] Behalwe in die geval van Engelssprekende blankes was daar nie so `n middestand gedurende in die 1950s en 1960s in Suid-Afrika teenwoordig nie en daar was weinig konsensus oor waardes.

Die klein getal liberales het tot die 1970s vasgeklou aan die idee dat gekwalifiseerde stemreg die antwoord bied. Die basiese veronderstelling was dat as aan die kapitalistiese ekonomie vrye spel toegestaan word dit segregasie sal vernietig omdat dit irrasioneel sou wees. Regter O.D. Schreiner, `n leidende liberaal, het die kerngeloof wat betref demokratiese verkiesings so uiteengesit: Mense stem nie noodwendig in blokke vir kandidate van hul eie etniese of rasgroep nie en, indien hulle dit wel doen, duur die soort stemgedrag nie noodwendig lank nie. Vir hom sou 'n progressiewe uitbreiding van die stemreg, hand aan hand met `n vrye mark, groter stabiliteit en welwillendheid onder rasse in die hand werk.[56]

Maar die voorbeelde wat Schreiner ter stawing van sy stellings gee, kon nie juis vertroue ingeboesem nie. Die vernaamste was Brittanje, waar die verdelingslyne langs klas eerder as etniese verbintenis loop. In die laaste dekades van die twintigste eeu is daar in vergelykende studies gevind dat min gronde vir die liberale oortuiging bestaan. Die tendens is dat die vrye mark en demokrasie neig om konflik aan te blaas in heterogene samelewings wat gekenmerk word deur rasse- of etniese ongelykhede. In verskillende lande het die staat sleutelbedrywe genasionaliseer, minderhede se eiendom gekonfiskeer en hulle soms uit die land verjaag.[57] Daar was teen die einde van die twintigste eeu geen regerende party in

---

54. A. PATON, *Hofmeyr* (Oxford University Press, Kaapstad, 1971), p. 338.

55. Hierdie tesis is vir die eerste keer in 1959 deur Seymour Martin Lipset geformuleer. Vir `n vergelykende studie kyk H. GILIOMEE en C. SIMKINS, (Reds.) *The awkward embrace: dominant party rule and democracy* (Harwood Academic Publishers, Amsterdam, 1999), pp. 1-46, 337-54.

56. O.D. SCHREINER, *The nettle: political power and race relations in South Africa* (SA Institute of Race Relations, 1963), p. 57.

57. Sien die twee belangrike artikels van A. CHUA "The privatization-nationalization cycle" in *Columbia Law Review*, 95(2) 1995, pp. 224 –302; en "Markets, democracy and ethnicity", *The Yale Law Journal,* 108(1), 1998, pp. 1-7, 94-98; Kyk ook L.H. GANN,

etnies of rasverdeelde samelewings wat nie op ras of etnisiteit gebaseer was nie, en daar was geen aanduidings dat kiesers bereid is om weg te beweeg van ras/etnisiteit na klas in hul stemgedrag nie.

Dit was Louw se groot beswaar teen die liberales – dat hul visie `n kwessie van geloof bly waarin die volle politieke implikasies nooit konkreet uitgespel is nie. Vandag kan ons spekuleer dat as gekwalifiseerde stemreg in Suid-Afrika in die 1950s of 1960s ingestel is, soos Schreiner en ander liberales bepleit het, daar waarskynlik gou druk sou opgebou het, veral namate meer en meer lande in Afrika onfhanklikheid verkry het, om die kwalifikasies af te skaal en af te skaf. In hierdie *scenario* sou Suid-Afrika 30 jaar vroeër universele stemreg gekry het as wat die geval uiteindelik was. Dit was die tyd dat ander lande in Afrika met sosialisme en staatskapitalisme geëksperimenteer het – eksperimente wat die lande se ekonomieë baie jare teruggesit het en waarvan`n land soos Ghana vandag nog nie herstel het nie.

‘n Volle demokrasie wat in die 1960s in Suid-Afrika ingestel is, sou waarskynlik tot populistiese eise, ernstige wrywing en kapitaalvlug gelei het. Suid-Afrika is gelukkig dat universele stemreg ingestel is nadat die Kommunisme as ekonomiese alternatief vir die kapitalisme in duie gestort het.

`n Demokrasie, gebaseer op universele stemreg, was alleen denkbaar as ‘n ander staat Suid-Afrika in 1945, ná die Tweede Wêreldoorlog, beset en so ‘n stelsel afgedwing het. Dit is immers wat die VSA in Japan gedoen het, waar niemand gedink het dat ‘n demokrasie wortel sou skiet nie. Die feit is egter dat daar in die VSA self nog betekenisvolle teenstand teen integrasie was.

Aan die begin van die jare veertig, toe die idee van apartheid vorm begin kry het, het die meeste blankes in die wêreld nog sterk rassistiese standpunte gehad. Eers teen die einde van die vyftigs, toe apartheid reeds ingestel was, het Amerikaners beduidend anders oor rassesake as wit Suid-Afrikaners begin dink. Opnames in die VSA oor die wit steun vir integrasie, landwyd gemeet, het dit duidelik uitgewys. So het die wit steun vir integrasie van staatskole in die VSA toegeneem van 40 persent in 1942 tot 61 persent in 1956. (In suidelike deelstate was die verandering baie stadiger: van 2 persent tot 14 persent.) Die wit steun vir integrasie in openbare vervoerdienste het insgelyks gegroei van 44 persent tot 60 persent, en vir geïntegreerde woonbuurte van 35 persent tot 51 persent. In 1946 het net 21 persent van die wittes in die suidelike deelstate geglo swartes is ewe intelligent as wittes,

---

“The liberal interpretation of South African history” in *Journal of the Rhodes-Livingstone Institute,* Vol.25, 1959, pp. 40-57.

teenoor 42 persent van die wittes landwyd, maar tien jaar later het 57 persent in die suide en 77 persent landwyd gereken albei groepe is ewe intelligent.[58]

Toe T.E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, die wetsontwerp indien wat huwelike tussen blank en nie-blank verbied, het hy dit geregverdig deur na die Amerikaanse voorbeeld te wys: uit die destyds 48 deelstate het 30 'n soortgelyke wet gehad.[59] Apartheid was nie gegrond op die mislukte rasse-ideologie van Hitler se Duitsland nie, maar op die hoofstroom in die Westerse denke oor ras tot ongeveer die einde van die 1950s.

Die apartheidsbestel het statutêre identiteite voorgeskryf, wat op hul beurt weer lewenskanse bepaal het. John Coetzee skryf oor die beleid se nihilisme:

> an essentially uncreative system never intended to achieve more than a postponement of the inevitable.

Daar is vir hom sprake van die

> amorality of a group of men, who, too selfish and too limited to confront the real demands of postcolonial Africa, chose instead to bequeath the problem to their grandchildren of the 1990s.[60]

In `n onderhoud met `n Britse joernalis `n jaar of wat ná die 1948-verkiesing het Eben Dőnges, een van apartheid se argitekte, inderdaad opgemerk dat apartheid se doel is om "die huidige en die volgende twee geslagte" te beskerm teen die groeiende getalle swart en bruinmense.[61]

Wat sê `n mens van die apartheidsargitekte? Selfsugtig? Eng? Ja, seker. Die beleid teen bruinmense was die produk van `n kortsigtige obsessie wat min met Afrikaner oorlewing (in teenstelling met NP eenheid) te doen gehad het. Maar hoe moes die eise van swartmense in `n postkoloniale Afrika bevredig word? Ek kry somtyds die idee dat mense dink dit was moontlik om na die Tweede Wêreldoorlog in `n land met diep rasse- en etniese skeidings 'n inklusiewe demokrasie en maatskaplike gelykheid in te stel en dan nog ook te verwag dat die kapitalistiese ekonomie `n redelike hoë groeikoers sou handhaaf. Waar het so iets ooit plaasgevind? Ek is nie bewus van enige voorbeeld nie.

---

58. H. HYMAN en P. SHEATSLEY, "Attitudes towards desegregation" in *Scientific American*, Vol. 211, 1964, pp.18-19; M.A. SCHWARTZ, *Trends in White attitudes towards Negroes* (University of Chicago Opinion Centre, 1967).
59. G. CARTER, *The politics of inequality*, (Thames and Hudson, Londen, 1958) p. 75
60. J.M. COETZEE, "Resisters" *New York Review of Books*, 2 December 1993.
61. J. HATCH, *The dilemma of South Africa* (Denis Dobson, London, 1953), p. 93.

## Prysgawe van die Mag

Louw het nie die opsie van die prysgawe van mag ooit ernstig bejeën nie. In kantlyn kommentaar van `n konsepartikel van André Brink in 1968 wat `n nasionale konvensie voorgestel het, skryf hy wat hy van so iets verwag:

> nooit weer eie beskikking nie; toename selfs van moorde en verkragtings.[62]

Louw het nooit met apartheid tussen wit en swart gebreek nie (wel tussen wit en bruin). Toe hy in 1970 sterf, was die gegewens en die kennis op grond waarvan Afrikaners van `n volgende geslag apartheid verwerp het, nog nie beskikbaar nie. Gedurende die 1960s was apartheid nie, soos dit dikwels vandag aangebied word, `n beleid wat universeel verwerp was nie. In 1961 het Dag Hammerskjőld, Sekretaris-Generaal van die VVO, voorstelle aan dr. Verwoerd gemaak oor hoe apartheid `n 'kompeterende alternatief' vir integrasie kon word. Die historikus C.W. de Kiewiet, `n voorste liberaal, het in 1964 in die gesiene tydskrif *Foreign Affairs* geskryf dat Verwoerd hom aan generaal Charles de Gaulle herinner in sy aanpak van sy land se rasseprobleem.[63]

Die faktor wat die Afrikaners se beskouing oor apartheid verander het, is `n onvoorsiene toename van swart getalle. Die swart bevolking het teen `n koers amper dubbel so vinnig gegroei as dit wat die apartheidbeplanners in die vroeë 1950s geprojekteer het. In plaas van die verwagte swart:wit verhouding van 4:1 in 2000 was dit 7:1.[64] Gegewens van die nuwe demografiese werklikhede het eers pas voor Louw se dood bekend geraak. *Die Beeld* het op 5 Januarie 1969 berig dat daar `n nuwe faktor in die politiek bygekom het: swartes groei veel vinniger as wat amptelik geskat was.[65]

Alan Paton se vaste oortuiging was dat die Afrikaners eerder vernietig sou wou word as om teen hul sin meerderheidsregering te aanvaar, maar dat hulle dit wel in hulle het om oorheersing te verwerp. Sy nuutste biograaf skets sy standpunt treffend:

> (Change) would come about only when the Afrikaner leaders came to the realisation that it must. He (Paton) did not imagine that they would be forced from power by blacks, or that liberals by some electoral ju-jitsu might take their place. The initiative,

---

62. J.C. STEYN, *Van Wyk Louw*, p. 1111.
63. Ek brei hierop uit in H. GILIOMEE, "Manipulating the past" in *Political Correctness in South Africa* (SA Institute of Race Relations, Johannesburg, 2000), pp. 91-132.
64. Vir `n bespreking sien H. GILIOMEE, "Critical Afrikaner intellectuals and apartheid, 1943-1958" in *South African Journal of Philosophy,* 19(4), 2000, pp. 321-39. Sien ook T.R.H. DAVENPORT en C. SAUNDERS, *South Africa: a modern history* (Macmillan, Londen, 2000), p. 427.
65. *Die Beeld,* 5 Januarie 1969.

> he believed, would remain with the Afrikaner until he chose to give it up.[66]

Die keuse wat in die laat-1980s gemaak moes word of die mag prysgegee moes word, was so ingrypend as enige van die ander historiese keuses. F.W. de Klerk het die dimensies daarvan in 1997 in `n toespraak in London geskets:

> The decision to surrender the right to national sovereignty is certainly one of the most painful that any leader can ever be asked to take. Most nations are prepared to risk total war and catastrophe rather than surrender this right. Yet this was the decision we had to take. We had to accept the necessity of giving up on the ideal on which we have been nurtured, and the dream for which so many generations of our forefathers had struggled and for which so many of our people had died.[67]

Die Afrikaner elite het die opsie om apartheid as geheel af te skaf vir die eerste keer in 1985 of 1986 oorweeg. Die konteks was die gedeeltelike noodtoestand wat in Augustus 1985 uitgeroep is en die besluit van die internasionale banke om Suid-Afrika se skuld op te roep. Soos in die geval van Henry Fagan en Nic Olivier in 1948 kan ons Anton Rupert, nywerheidsleier, en president P.W. Botha gebruik om Louw se ewewig van argumente uit te beeld. Teen die einde van 1985 het Rupert `n gesprek met Botha gehad en vroeg in 1986 het hy ‘n persoonlike brief aan Botha gerig. Sy argument was dat die swart werkloosheid aan die wortel van die onrus lê. Sonder `n groeikoers van meer as 5 persent was dit nie moontlik om die werkloosheidprobleem en kroniese onstabiliteit op te los nie. Internasionaal het Suid-Afrika al meer geïsoleer geraak en ekonomies was dit aan die stagneer. Indien die blankes volhard om aan apartheid vas te klou, was, soos Rupert dit in Engels aan Botha gestel het, die toekoms duister:

> One day we shall surely end up with a Nuremburg.[68]

Botha het in die gesprek met Rupert geweier om van apartheid af stand te doen. Sy houding is deur Rupert beskryf met die woorde: “Ratherto be poor than to yield.” Rupert se reaksie daarop was: “The tragedy is that the acceptance of the attitude ‘rather to be poor’ will lead to both ‘poverty’ and ‘black domination’”. Mense wat polities heelwat nader aan Botha as Rupert was, sou ander argumente kon gebruik. Piet Cillié, nouste joernalistieke bondgenoot van Botha, het reeds 20 jaar tevore geskryf dat die Afrikaners as die eerste anti-kolonialiste van die twintigste eeu in die tweede helfte van die eeu in die beskuldigdebank staan as ‘voorste kolonialiste

66. P. ALEXANDER, *Alan Paton: a biography* (Oxford University Press, 1994), pp. 273, 299-300, 401.

67. Verbatim kopie van toespraak gemaak deur F.W. de Klerk uitgereik deur die kantoor van die Vise-President, 1977.

68. Die brief, gedateer 24 Januarie 1986, is in Engels geskryf omdat dit deel was `n inisiatief van plaaslike en buitelandse sakeleiers. ‘n Kopie van die brief is by die Waarheids-en Versoeningskommissie as deel van die sakesektor se voorlegging ingedien. Daar is `n kopie in die Rembrandt-argief in Stellenbosch.

en verdrukkers'.[69] In terme van die Afrikaners se eie politieke tradisie as anti-kolonialiste was daar geen alternatief as om "permanente baasskap as rigtinggewende beginsel" te verwerp nie

Implisiet in hierdie argument was die aanvaarding dat Afrikanersteun vir apartheid nie onvoorwaardelik was nie. Apartheid was, soos Cillié in 1984, geskryf het die uitdrukking van `n probleem, nie `n oplossing nie. Dit was `n 'eksperiment' uitgevoer deur Afrikaner nasionaliste om hul hunkering na `n 'skoon vaderland' te bevredig, maar dit het misluk. Die Nasionaliste was dus verplig om na die tekenbord terug te gaan en te aanvaar dat die land nie hul eie beloofde land was nie en dat hulle "vryhede, regte en verantwoordelikhede en mag met ander etniese groepe al meer sal moet deel".[70]

`n Onbetrokke waarnemer sou kon byvoeg dat as die blankes ná `n eeu van bevoorregting op onderwysgebied nog nie in staat was om te kompeteer en in `n demokrasie te oorleef nie hulle nooit gereed sou wees nie. Drastiese aanpassings sou wel gemaak moes word, want `n swart regerende party sou, soos al sy voorgangers, sy volgelinge die staatsdiens laat wou beset (In sy brief wys Rupert Botha daarop dat amper twee-derdes van die blankes wat pas gegradueer was poste in die openbare sektor vind ).

'n Mens kan maar net gis wat Botha se argumente was. Hy sou kon verwys na Fagan, wat geskryf het dat die Afrikaners vas glo dat die besit van politieke mag "'n vereiste (is) vir die beveiliging van hul voortbestaan as volk".[71] Hy sou hom kon beroep op Louw, wat in 1946 geskryf het dat wanneer die Afrikaner `n minderheid onder `n swart meerderheid word "hy so hulpeloos soos die Jood in Duitsland sal wees".[72] Hy kon hom ook beroep het op Chester Crocker, assistant-sekretaris vir Afrika in die Reagan-administrasie en een van die bes ingeligte buitelanders, wat tot die slotsom gekom het dat hoewel swart verset dit vir die regering onmoontlik maak om sy legitimiteit te vestig "it had no hope of forcing the government to capitulate".[73] Agtien maande ná hul gesprek sou hy Rupert self kon aanhaal:

> Waar kry u `n Afrika-land soos ons eie wat ten spyte van handelsboikotte in 1986 `n handelsoorskot van meer as R15 biljoen en `n oorskot van meer as R6 biljoen op die betalingsbalans kon lewer?[74]

---

69. P. CILLIÉ, "Terug na ons geloof in vryheid" in *Standpunte*, 17 (1), 1963.
70. P. CILLIÉ, "Wat is (was) apartheid?" in *Die Suid-Afrikaan,* 5, 1984, pp. 16-21.
71. H.A. FAGAN, *Ons Verantwoordelikheid*, p. 93.
72. N.P. VAN WYK LOUW, *Versamelde prosa,* vol. 1, p. 505.
73. C. CROCKER, *High Noon in Southern Africa* (Norton, New York, 1992), p. 491.
74. Toespraak gehou op 20 Augustus 1987 en gepubliseer in *Die Burger,* 18 Augustus 2001.

En natuurlik, soos ons tans weet, het die probleem van swart werkloosheid sedertdien veel erger geraak met geen keerpunt in sig nie. Louw se voorspelling van `n toename in moorde en verkragtings het waar geword. Wit mans en veral Afrikaanse mans ondervind diskriminasie in die arbeidsmark, veral wanneer hulle minder geskoold is. Afrikaans as publieke taal is drasties afgeskaal.

Die sterkste rasionele argument vir onderhandelinge met die ANC is vroeg in 1990 deur F.W. de Klerk in `n toespraak voor die Kaapse Persklub geopper:

> Ons wil nie wag tot 'n oorwig van mag teen ons draai voor ons besluit op die koers van `n vreedsame skikking deur onderhandelinge nie. Die inisiatief is in ons hande en ons het die vermoë om te verseker dat die proses vreedsaam en ordelik sal verloop.[75]

Met stygende swart getalle wat voortdurend die blankes se magsposisie ondermyn, was dit nodig om te onderhandel voor die blankes hulle met die rug teen die muur bevind. Dit was egter nie gebiedend noodsaaklik om te onderhandel nie.

Die 'ja' stem in die 1992 Referendum was `n mandaat om apartheid af te skaf. Maar De Klerk het vroeër `n belofte oor die nuwe stelsel gemaak waarvan daar nou nie meer gewag gemaak is nie. In dieselfde toespraak in 1990 voor die Persklub het hy verklaar:

> By die afloop van onderhandelinge sal grondwetlike voorstelle op `n grondwetlike wyse by die kiesers getoets word. En net met hul ondersteuning sal `n grondwetlike bedeling ingevoer word.[76]

Twee jaar later, op 24 Januarie 1992, het De Klerk weer eens `n referendum voorsien waarin die legitimiteit van die onderhandelde maatreëls getoets sou word. Slegs ná `n positiewe uitslag sou die maatreëls in werking gestel word.[77]

Toe die Konserwatiewe Party `n maand later die NP `n vernederende nederlaag in `n tussenverkiesing toedien, het De Klerk besluit om onmiddellik `n referendum te hou, alhoewel die meerderheid van die NP koukus daarteen gekant was. Hy het sy eerste prioriteit nou gesien as die verkryging van `n mandaat vir voortgesette onderhandelinge met die ANC. Dit het beteken dat die NP afgewyk het van sy belofte om `n referendum oor die grondwetlike *produk* van die onderhandelinge te hou. In plaas daarvan het dit een oor die *proses* van die onderhandelinge gehou en wel voor sleutelaspekte onderhandel was. In sy outobiografie merk De Klerk op dat op daardie stadium nog nie redelike voorsiening vir die "voorkoming van oorheersing en die doeltreffende beskerming van minderhede…en `n vorm van magsdeling" gemaak was nie.[78] In die referendum is kiesers bloot gevra of hulle die

---

75. *Die Burger* 31 Maart 1990.
76. *Die Burger* 31 Maart 1990.
77. *Debates of Parliament*, 1992, kol 38.
78. F.W. DE KLERK, *Die laaste trek – en `n nuwe begin* (Human en Rousseau, Kaapstad, 1998), pp. 249-50.

hervormingsproses gerig op `n nuwe grondwet ondersteun. Sommige van die NP plakkate het kiesers aangeraai om 'ja' te stem om meerderheidsregering te vermy.

Die keuses vir De Klerk kan in die volgende terme uitgedruk word. Die een opsie was om die referendum uit te stel tot die grondwet klaar onderhandel was en van kiesers `n mandaat vir die grondwet eerder as vir `n ongedefinieerde proses te kry. Die risiko van `n referendum aan die einde van die proses was dat die KP al groter teenstand teen die grondwet sou mobiliseer. Dit is ook `n vraag of die ANC dit sou toelaat dat die blankes vir oulaas finaal die sê het. `n Mens kan net spekuleer dat indien De Klerk van die begin `n referendum onder blanke kiesers oor die onderhandelde grondwet `n voorvereiste gemaak het, Westerse regerings hom hierin sou gesteun het.

Die probleem met `n vroeë referendum was dat die De Klerk-regering daarmee sy grootste troefkaart weggooi het. Hierdie troefkaart was die argument dat die blanke kiesers se aanvaarding van die grondwet `n voorvereiste was vir `n vreedsame oorgang na `n demokratiese bestel. Dit is nie toevallig nie dat ná die referendum die NP se posisie in die onderhandelinge dramaties verswak het. `n Ander risiko van `n vroeë referendum was dat die blanke kiesers ontgogel sou wees as die grondwet anders sou wees as dit waarvoor De Klerk hulle in die 1992 referendum kampanje voorberei het. Inderdaad is `n groot deel van die NP-leierskap se energie in die vyf jaar na die referendum bestee aan pogings om die skyn te bewaar dat hulle hul beloftes nagekom het. De Klerk erken egter in sy outobiografie, geskryf ná sy uittrede, sy teleurstelling oor die NP se onvermoë om`n model van magsdeling daar te stel – iets wat die grondslag van die NP se onderhandelingsposisie was. Hy is korrek waar hy skryf dat in skerp verdeelde samelewings al die belangrikste komponente moet voel dat hulle sinvol verteenwoordig word.[79]

Daar kan nietemin aangevoer word dat blankes in 1994 eervol van hul alleenheerskappy afstand gedoen het – en dat, hoewel laat in die dag, hulle vir 'voortbestaan in geregtigheid', in Louw se terme, gekies het. Die buitelandse bewondering vir die vreedsame oorgang was feitlik onbeperk. In Januarie 1994, drie weke ná die aanvaarding van die tussentydse grondwet deur die parlement, het De Klerk saam met Nelson Mandela in Januarie 1994 die Nobel-vredesprys ontvang. In sy aanvaardingstoespraak het hy Louw aangehaal. Dit is die versugting in 'O Wye en Droewe Land' na `n magtige daad wat uit die land sou voortkom en wat sou "opklink oor die aarde/ en die jare in hul onmag terge". Vir De Klerk was die nuwe era in die land `n verlossing van die 'stil droefenis' van die verlede.[80]

In die wêreldgeskiedenis is dit redelik uniek dat `n groep mense sonder onweerstaanbare druk en uit vrye wil besluit om van hul magsposisie afstand te

---

79. *Ibid.,* p. 407.
80. *Ibid.*, p. 316.

doen. Met die 'ja'-stem het die witmense in Suid-Afrika dit gedoen. Maar soos die aard van politiek maar is, is dit menslik dat die eens onderdruktes verkies dat die ou regime vir sy boosheid onthou word eerder as vir die daad van magprysgawe. Wat moeiliker is om te verstaan, is dat `n mens vandag waarskynlik in geen Afrikaanse koerant of tydskrif `n nugter en gebalanseerde ontleding van apartheid sal sien nie. Dit is vir my duister hoe die Afrikaners `n gesonde politieke bewussyn kan ontwikkel as die hele apartheidsgeskiedenis enersyds net in skuld en skaamte omhul word en andersyds met blinde ontkenning bejeën word.

## Slot

Historici se taak is om sin van die verlede te probeer maak. Dit verlei hulle dikwels om in die historiese ontwikkelingsgang `n bepaalde noodwendigheid en onafwendbaarheid te wil lees. Daarmee skep hulle egter `n illusie. Henri Bergson, die Franse filosoof en skrywer, het gepraat van die 'illusie van retrospektiewe determinisme' – wat gebeur het, *moes* gebeur. Historici is eweneens geneig om heel eerste die rasionaliteit in die historiese akteurs se gedrag te wil soek en te ontleed. In die twintigste eeu was dit hoofsaaklik die Marxiste en Freudiane wat op die irrasionele, die onvoorspelbaarheid en die 'on-noodwendigheid' van politieke handelinge die klem laat val het. Die groot waarde van N.P. van Wyk Louw se opstel 'Die Ewige trek' is dat hy die faktor van `n ewewig van keuses beklemtoon en nie huiwer om te argumenteer dat geloof, fanatisme en `n mate van irrasionaliteit – soms ten goede – die deurslag gegee het nie. Dikwels sien mense hul redding in `n geloofsdaad – "nie in wat is nie, maar in wat *moet* wees".[81] Dit is iets om te onthou in die stryd wat voorlê hetsy om `n ware liberale demokrasie te vestig hetsy om Afrikaans as publieke en universiteitstaal te bevorder.


## Abstract

### The Afrikaans wager

'The Afrikaans Wager' takes as its point of departure an essay by N.P. van Wyk Louw, the pre-eminent Afrikaans man of letters. His essay 'Die ewige trek' (The eternal trek) published during the Great Trek centenary (1938) argues that there was a 'balance in the arguments' at turning points in the development of the Afrikaner


81. N.P. van Wyk Louw, *Versamelde prosa,*vol.1, p. 97.

people. He discusses three such moments: the Great Trek, the Anglo-Boer War and the decision in 1925 to choose Afrikaans rather than Dutch as a second public language. Louw's emphasis on the irrationality of the choices that were made links up with Thomas Carlyle's perspective that the historian has to depict and gauge chaos. This essay discusses Louw's treatment of the three historical moments and adds two: the introduction of apartheid in the later 1940s and early 1950s and the decision in the late 1980s and early 1990s to surrender of power. The perspective of a balance in the options helps the historian to focus not only on the road travelled but also the one not travelled.